

## Saterdag 6 April

**Skrifgedeelte: Deuteronomium  
18:1-22**

**Fokusgedeelte:  
Deuteronomium 18:15, 22**

### **Verdiep jou in die woorde van ons ewige Profeet**

Die Here is hier steeds besig om vir Israel te leer hoe hulle as sy volk in die nuwe land, Kanaän, behoort te leef. Spesifiek gaan dit hier oor die afskuwelike dinge wat gebeur wanneer mense voorgee dat hulle namens die Here of namens die een of ander afgod kan praat. Daarom gee die Here die opdrag dat daar in Israel geen besweerders, towenaars, mense wat voortekens lees, goëlaars, slangbesweerders of mense wat inligting vra by geeste of die dooies moet wees nie.

Hierdie verbod klink vreemd op ons moderne ore, en tog leen verskeie mense vandag nog hulle ore uit aan mediums wat kamtig met die dooies kommunikeer en voorspellings maak volgens die sterretekens. Daarmee saam is daar vandag verskeie dwaalleraars en vals profete wat voorspoedsteologie en verdraaide idees oor die Heilige Gees verkoop asof dit die waarheid is.

In ons Skrifgedeelte leer die Here dat Hy selfs sy profete aanstel. Hy gee ook aan hulle die woorde in die mond. Wanneer die Here met sy kinders praat, laat Hy dit nie maar net oor aan die idees en die verbeelding van mense nie. Regdeur die Skrif sien ons hoe die Here praat deur Geesvervulde profete.

Die menswording van ons Here Jesus is die hoogtepunt van hoe God met ons praat. Hebreërs 1:1 leer ons dat God in die verlede baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat het deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur sy Seun. Uit die Seun straal die heerlijkheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God.

Leen daarom nie jou ore uit aan mense wat voorgee dat hulle die een of ander spesiale – dalk selfs geheime – boodskap van God ontvang het nie. Nee, verdiep jou in die woorde van ons ewige Profeet, ons Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 119-2:18, 19*

*Ds. WJ Steyn (Willem) (Potchefstroom Die Bult)*